

Skriflesing: Jesaja 53: 1 – 12; Lukas 23:39-43

Teks: **Lukas 23:43**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 147: 1,2

TYDENS EREDIENS: Sb. 5-3 (8): 1,2; Ps. 1: 1,4; Ps. 73: 11,12; Ps. 145:10,11,12

Jesaja 53: 1-12

Isa 53:1 Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien?

Isa 53:2 Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie.

Isa 53:3 Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.

Isa 53:4 Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.

Isa 53:5 Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.

Isa 53:6 Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.

Isa 53:7 Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie.

Isa 53:8 Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk.

Isa 53:9 Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie.

Isa 53:10 Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik.

Isa 53:11 Ná sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra.

Isa 53:12 Daarom gee Ek hom 'n ereplek onder die grotes. Hy sal saam met magtiges die oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir oortreders gebid het.

Lukas 23:39-43

Luk 23:39 Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook!"

Luk 23:40 Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: "Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man!"

Luk 23:41 In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dae. Maar hierdie man het niks verkeerd gedoen nie."

Luk 23:42 Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom."

Luk 23:43 **Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."**

Skriflesing: Jesaja 53: 1 – 12; Lukas 23:39-43

Teks: **Lukas 23:43**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 147: 1,2

TYDENS EREDIENS: Sb. 5-3 (8): 1,2; Ps. 1: 1,4; Ps. 73: 11,12; Ps. 145:10,11,12

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag met Nagmaal was Jesus se eerste

kruiswoord tegelyk 'n gebed – *Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.*

Hierdie reeks het ons begin met die drie kringe, dié drie soorte van mense wat daardie

verskriklike Vrydag wat in die volksmond *Goeie Vrydag* sou word, daar was. Die soldate, die

apatiese groep wat eintlik niks omgee nie, rondom hulle die volk, die met soveel antipatie, soveel

haat wat die grootste vyande sou wees. En daar ver, die groepie vroue in hulle eie gedagtes,

smart en verdwaaldheid vasgekeer, wat ook dit alles moes aanskou. Nie apatie, antipatie nie, maar simpatie sou deur hulle beef. Almal staan op heilige grond, al drie groepe, tog is die meeste op daardie dag met die onheiligste besig met Hom wat die Heilige is.

Ons wat vandag ook weer verder op die heilige grond aantree. Waar staan ons vandag, ons wat besef eintlik moet my skoene weer uit want ek staan steeds op heilige grond. Ons wat die drie groepe mense kon onderskei het inderwaarheid met 'n ander drieheid te make. Ook is daar drie kruise. Dis asof ons vandag ook van kruis na kruis moet beweeg, dalk mag dit voel ek word ook tussen die kruise rondgeslinger. Ek kom nie net tussen die drie soorte van mense te staan nie, maar moet ek my ook tussen drie kruise bevind. Die kruise dra ook 'n boodskap uit, hulle daar gekruisig praat, die Seun van God praat sewe keer, sewe kruiswoorde, maar vandag is dit ook die ander gekruisigdes wat praat.

Die twee evangeliste wat ons nie uit gelees het nie, Mattheus en Markus maak duidelik melding van die ander twee misdadigers vir wie die 10 dae regspleging dalk gegeld het. Hulle 10 dae is moontlik nou verby, die oplegging en die uitvoering van die vonnis, wat nie so direk op mekaar mog volg nie, behalwe by oproerstokers kon hierdie twee misdadigers nie van die kruis afhaal nie. Daar sal hulle ook gekruisig word, op dieselfde dag, op dieselfde wyse, deur dieselfde soldate wat Jesus daar opgehang het, maar die regtige manne van terreur, die regte misdadigers, die regte terroriste word nie soveel deur die skare gehaat soos Hy wat hulle daar 'n terroris gemaak het nie.

As ons in die begin van die reeks gepraat het van sewe vensters waardeur ons moet kan kyk, elke venster oop op Golgota, dan is hierdie tweede venster vandag nie wasig nie. So min soos wat die eerste venster enige wasigheid gehad het, toe daar gesê is- *Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie*. Dit was ons Nagmaalvenster. Daar waar dit eintlik gegaan het om *vergewende liefde*. Liefde wat vra, Vader gee tyd, gee uitstel, laat u straf nie nou aanbreek nie, dit kan alleen gebid word, maar mag U hierdie gebed verhoor, veel eerder as die gebed wat U nie wou verhoor nie, toe daar gebid was, *As dit U wil is, laat hierdie beker by My verbygaan, nogtans nie My wil nie, maar U wil*. Die eerste kruisgebed, die eerste kruiswoord is verhoor, God het nie in onmiddellike toorn op die kruis afgekom nie, daar was baie wat gebeur het, wat

die eerste kruiswoord die genade van God kon oopbid. Die eerste kruiswoord wat die ander vensters ook kon oopmaak, ook wat ons vandag nie net hoor as God se vergewende liefde nie, maar inderdaad het ons hier te make met God se verlossende liefde. Op Sondag 21 Maart as dit die Here se wil is dan staan vir ons uit God se versorgende liefde. Waar Jesus se aardse ma aan sy dissipel Johannes toegewys sal word. *Vrou daar is u seun, seun daar is jou moeder.* M.a.w. op hierdie heilige kruisgrond staan die vergewende liefde, die verlossende liefde en die versorgende liefde een na die ander uit, juis ook in hierdie volgorde. Daar kan nie verlossing gewees het as daar nie vergewing was nie, daar kan nie versorging wees as daar nie verlossing was nie.

Vandag is ons juis by die verlossende liefde waar die vergewende liefde by Nagmaal was. Later, soos wat die kruiswoorde vorder sal ons ook kan praat van God se verblindende liefde, (toe Jesus Godverlate was) daarna sy verkwikkende liefde as dit gaan om *Ek het dors*, ja die voorlaaste is sy volbragte liefde as Hy sê *dit is volbring*. En laaste sal wees sy versoenende liefde by die laaste kruiswoord bevestig, *Vader in U hande gee Ek my gees oor ...*

Daar waar dit gaan om verlossing, verlossing tot waar dit regtig saakmaak is as daar vir 'n misdadiger in die laaste oomblikke van sy lewe gesê word- *Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees.* Hoe is dit moontlik. Dit gebeur mos nie maar vanself nie. Verlossing is nooit iets vanselfsprekend, so asof ek maar eenvoudig 'n reg daarop het nie. Ons besef soos Jesus by die eerste kruiswoord gebid het, *Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie ...* is die tweede kruiswoord ook rondom 'n gebed geweef. Nie dit wat Jesus gebid het nie, maar dit wat hierdie misdadiger gebid het – *Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.*

Hy is 'n misdadiger wat ons baie laat wonder waar staan ek in my lewe. In Mattheus en Markus rondom dieselfde gebeure wil dit lyk die oomblikke van kruisiging was al twee hulle misdadigers ewe skuldig aan die smaad en laster teenoor Hom saam met Wie hulle gekruisig word. Daar word gepraat van hoe hulle saam met die ander mense Jesus uitgedaag het. Terwyl Lukas dan melding maak dat daar tog wel later net van die smaad van die een misdadiger gepraat word.

Wat het intussen gebeur, mag ons seker vra. Ons wil mos weet, die venster wat ons hierdeur kyk mag nie wasig wees nie.

Kan dit wees dat 'n mens se lewe in sekondes kan verander? Mag daar vir ons nie twyfel wees nie, 'n lewe kan in sekondes verander. Dit wat dalk by een mens sy lewe lank 'n proses sou wees om waarlik tot bekering te kom, kan as dit God se wil is, by 'n ander mens in die breukdeel van 'n sekonde wees.

En die eerste wat die mens spreek ná hy/sy tot bekering gekom het, is wanneer ons praat van boetvaardigheid. Dis 'n ou woord, ons gebruik die woord nie meer baie nie, eintlik so 'n mooi woord wat jou en my laat beseef dit wat my straf moet wees, daar waar ek moes geboet het, kon ek nie. Iemand anders het die boete gedra dat ek nou deel is van om vaardig te pleit op dit wat net genade is. Hierdie boetvaardigheid dra in sy diepste grond verootmoediging. As ek nie regkry om my voor God te verootmoedig nie hoe sal ek ooit by bekering, by boetvaardigheid, ja by die werklike beseef kan kom, hoe groot my sonde en ellende werklik is. Die boetvaardige mens in sy diepste verootmoediging is die een wat beseef hoe verlore ek uit myself is. Dis die mens wat gryp na dit wat Jesus met die eerste kruiswoord as moontlikheid gestel het. *Vader, vergeef hulle ...* Die misdadiger beseef, ek kry weer 'n kans, al gaan ek nou sterwe, ja al is ek alreeds sterwend aan die kruis, God se vergewende liefde kan ook God se verlossende liefde in my lewe word.

As ons Jesus hierdie kruiswoord hoor spreek – *Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met my in die paradys wees*, hoor u saam met my die Koning aan die woord, al hang Hy op daardie oomblik aan 'n kruis. Hy wat ons hoogste Profeet, enigste Hoëpriester, ewige Koning is (Sondag 12 Kategismus), al is Hy aan die kruis is daar niks van sy drievoudige amp weggeneem wat Hy bekleed en wat ons in Hom moet bekleed nie. Dwarsdeur sy lewe tot hier aan die kruis was Jesus heelyd in al drie die ampte en dit tegelyk. As Hy in die Jordaan gedoop word, Hy lewer sy eerste preek, die bergpredikasie, dan sien ons Hom ten diepste as Profeet. As Hy dwarsdeur sy lewe mense genees, kindertjies na Hom laat kom, mense die hande oplê, selfs demone uitdryf dan is dit wat weer uitstaan sy Hoëpriesterlike werk. Tog so opmerklik, nou aan die einde van sy lewe

is dit asof sy Koningskap net nog skerper na vore tree. Daardie naam waarmee daar gespot was, die bord bo die kruis, wat gelees het *die Koning van die Jode ...*

Geen Jood sou dit wou erken nie. Hulle wou hê Pilatus moet die geskrif op 'n bord bó die kruis so verander dat Hy sou gesê het, Hy is die Koning van die Jode. *Wat ek geskryf het, het ek geskrywe* (Joh. 19:22) was Pilatus se antwoord. Ons kan byvoeg wat geskryf is, in alle geval in volle waarde en waarheid geskryf. Hy is inderdaad Koning, nie net Koning van die Jode nie, maar Koning van die ganse heelal. Paulus skryf later in Kolossense 1 vers 15- *Hy is die Eersgeborene van die hele skepping*. Om Hom in die sin Eersgeborene te noem is in alle geval 'n bevestiging van sy koningskap. Hy beklee die hoogste rang sou ons ook kon sê, hierdeur word sy heerskappy besing, m.a.w. sy koninklike heerlijkheid. Al sou mense met sy koningskap die spot wou dryf, 'n doringkroon op sy kop druk, 'n riet wat kamtig as koninklike staf sy hand wou indruk, die mense spot met haat uit die hel aangevuur, maar wee Hom wat so met die waarheid spot.

As ons hierdie tweede kruiswoord hoor, moet ons dit koninklik hoor. Dit is net 'n Koning wat dit so kon sê – *Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met my in die paradys wees*. Die een misdadiger wat werklik die lewe kon sien waar hy besig is om terminaal die dood in te gaan word nie alleen koninklik geantwoord nie, maar sy ontvangs in die paradys sou koninklik wees, want die Koning sou Hom ontvang.

As ons deur hierdie tweede kruiswoord saamgebring word, ons hoor die misdadiger in 'n paar sinne na twee kante toe praat. Eers praat hy met die ander misdadiger ... *“Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man! 41 In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerd gedoen nie.”* Dan volg die gebed wat sy hele lewe in 'n rigting stuur waarheen dit nog nooit op pad was nie, maar wat in alle geval nou sy lewe was. Dat God net aan my mag dink. *Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.* Hierdie misdadiger vra nie 'n plek in die koninkryk nie. Al wat hy vra is dat Jesus net aan Hom sal dink. Dit is asof hy in sy bekeerde staat dit nou reeds weet as Jesus aan my dink, net aan my dink, dan sal dit 'n Koning wees wat dink. Hy wat die ewige Koning is. Die misdadiger herinner aan daardie vrou wat vir Jesus gesê het, die hondjies eet darem van die

krummels wat van hulle base se tafels afval (dit wat ons Bybelstudie die afgelope week was). Die man vra eintlik net 'n krummeltjie.

Soos ons so twee weke gevra het, waar staan u en ek vandag, toe ons onself moes plaas tussen een van die drie groepe (kringe) van mense rondom die kruis, by die soldate, by die vyandige volk, by die paar vrouens, is dit asof ons weer in ons lewens 'n keuse moet maak. Hoe dikwels hang dinge af, groot dinge hang af van die keuse wat ek en jy gaan maak.

Ons besef ons almal het misdadige lewens, niemand is daar wat uit homself/haarself jou en my anders kan noem as dat ons ook misdadigers is. Wie in sonde ontvang en gebore is, is om te besef in 'n misdaad wat teen God begaan is, is ek ontvang en gebore. Ek is nie 'n gemaakte misdadiger as dit om myself gaan nie, ek is eintlik 'n gebore misdadiger, wat alleen God dit anders kan maak. Die werklike vraag is aan die kant van watter misdadiger staan ek en jy. Die een wat van begin tot einde ook maar aangehou spot het, Hy wat die Verlosser bly verag het. Of is jy werklik gebring waar jy kan sê, ek sien hom, ek is by daardie misdadiger wat aan die kruis dit kon regkry om sy metgesel, sy ander misdadiger teë te gaan en dit nogal met regspraak. Ons hoort hier, ons kry ons verdiende straf, maar bevestig ook Hy dat Jesus niks verkeerd gedoen het nie. Pilatus het dit nou al gesê, nou sê die misdadiger dit ook, dit wat niemand wou hoor nie, behalwe daardie groepie vroue wat dit nie hoef te hoor nie, want dit hulle geweet, Hy het niks verkeerd gedoen nie.

Mag sy gebed waar Hy Jesus vra – dink aan my, ja hy vra eintlik net 'n gedagte voor die paradyspoorte waar hyself terminaal op pad na sy dood is. Om Jesus se antwoord te kon hoor, ja die goddelike empatie van verlossende liefde noem iemand dit, was seker die mooiste wat die mens ooit in sy lewe kon hoor. Wat is die mooiste wat jy nog ooit in jou lewe kon hoor, wanneer iemand my dit skielik vra sal ek sukkel, maar sekerlik kon dit vir hierdie man wat eintlik 'n man uit die bose was, wees asof die hemele klaar besig is om oop te gaan. *Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met my in die paradys wees.*

Waar ons saam deur hierdie tweede venster kon kyk, mag u ook koninklik daardeur kyk, terwyl u dit ook profeties en priesterlik moet kan doen. Jesus wat die woord begin met *Amen*, in meeste

gevalle vertaal as *voorwaar*, (die 1983-Vertl stel dit – *ek verseker jou*) ja dis waar en seker, vandag sal jy saam met my in die paradys wees.

Paradys, ons is terug by die begin van alles, die Genesis van God, waar God nuut begin het, is dit asof die man kan hoor vir jou wag daar ook 'n nuwe begin. Nou nie meer die Eden-tuin, die paradys van Genesis 2 nie, maar mooier as dit. Nee dit word die eindtuin, die tuin wat Openbaring 2 ook noem wat oopgemaak word vir die oorwinnaars in die geloof. Die mense wat sal mag eet van die boom van die lewe (die laaste van Openabring), wat elke dag vrug dra, wat nooit sy vrug verloor nie en ook sy blare is tot genesing vir al die nasies. Jesus gee aan die misdadiger in sy tweede kruiswoord nie net 'n saamgee-woord nie, iets van maar net mooi woorde nie, nee die saamgee woord word 'n saamneem-woord. Ek gaan jou saamneem, vandag nog, ja vandag sal jy reeds die paradys belewe wat nog geen mens gesien en ons ons ook nie regtig heeltemal kan indink nie. Maar 'n paradys is dit! Net die gedagte dat Hy saam met Jesus sou wees, waar Jesus die woord gebruik van ... *met My in die paradys* ... is reeds genoeg.

In Jesus se hemelse heerlijkheid kan dit gewoon niks anders wees as 'n paradys-heerlikheid nie. Dit was nie net 'n woord vir daardie dag nie, maar die ewigheid sou vir die misdadiger oopbreek. Hy is waar ons ook nog moet kom. Wil jy dáár wees, regtig daar waar Jesus is. Dan het jy ook reeds sy tweede kruiswoord gehoor. Wat jy gehoor het, is mooi, wanneer jy dit hoor, is onbepaald, hoe jy dit hoor, is deurslaggewend. Vra jy daarna, verlang jy ook daarna is die adres maar ook die gebed waarmee ons na God moet gaan. Elke gebed, ja die ware gebed van *dink aan my* ... vra na 'n bidder maar ook na 'n adres. Eintlik nie net 'n adres nie, maar dié adres, die enigste wat ooit 'n ewige adres kan wees. Ons noem die adres maar net *die paradys*. Google Maps bevat dit nie, maar Jesus het dit reeds.

AMEN